**HOOFNUUS**
**Boeresport afsluiting**
'n Boeresport afskeid en Uhm... wenners!
**Bladsy 1**

**ONDERHOUD**
**Meneer Erik**
'n Laaste gesels met meneer Erik
Bladsy 2

**AKTUEEL**
**Akademie**
Terugblik op kwartaal 2
**Bladsy 3**

**VERDERE ARTIKELS**
**Opedag**
'n Kleurvolle dag vol kaskenades
**Bladsy 4**

# DIE POSTMAN

EERSTE UITGAWE | GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA | AUGUSTUS 2023 | R7

## Boeresport!

**Dirk Postma hou 'n boeresportdag om van Meneer Erik afskeid te neem... en die wenners is... "Uhm"**







**deur Margo Drijfhout**

Die Gereformeerde Hoërskool Dirk Postma het op Vrydag 28 Julie 'n boeresportdag gereël om van meneer Erik 'n boere-afskeid te neem.

Die atmosfeer was een van baie pret. Almal het in spanne gedeel, selfs die onderwysers het twee spanne gehad!

Daar was kettieskiet, bokdrol-spoeg, driebeen resies, sakspring, waterballonne wat met handdoeke gegooi en gevang moet word en armdruk om kragte te meet.

Die sport met die grootste kompetisie was toutrek. Al die spanne het teen mekaar getrek.

Die lap in die middel het heen en weer beweeg totdat iemand die oorhand gekry het. Later was dit seuns teen meisies. Die seuns het natuurlik gewen!

Die wenners van die boeresport was "Uhm", wat bestaan het uit Christiaan vdW, Bowen, Henri, Cobus, Herman vdW, Iwan, Sibu en Reghardt vdW.

So teen middagete se kant was die speletjies verby, maar nou was dit tyd om al die honger mae vol te maak. Daar was stalletjies waar daar iets lekkers gekoop kon word, van fudge tot pannekoeke met melktertvulsel en tjips. Met die wins wat gemaak is, is daar 'n geskenk vir meneer Erik gekoop as 'n aandenking aan die skool en Suid-Afrika.

Nes die matrieks die klok vir die laaste keer lui as hulle die skool verlaat, so het meneer Erik dit ook vir die laaste keer gedoen. 'n Kaartjie van 'n boom met die duimafdrukke as blare van die hele hoërskool (onnies en kinders) is aan hom oorhandig as afskeids–wens.



## 'n Nuwe Koerant!



As jy hierdie lees beteken dit dat jy ons eie unieke hoërskoolkoerant in jou hande hou! Wat 'n lekker mylpaal vir ons skool om met 'n eie koerant te begin! Ons hoop om met hierdie koerant die werklike lewe en ervarings van ons eie leerlinge vas te vang en om berig te gee oor dit wat hier in ons skool gebeur! Ons wil dus al die stories en die nuus wat ons skool uniek maak, met jou deel! Ons hoop dat jy hierdie koerant net soveel sal geniet soos elkeen van die kreatiewe redaksielede wat dit bymekaar gesit het!

Vir ons eerste uitgawe het ons 'n paar lekker artikels om te lees. Ons berig oor die boeresportdag, die opedag, 'n onderhoud met meneer Erik en 'n lekker aktuele tema oor die akademie van die tweede kwartaal. Ons het ook 'n hele paar speletjies en kompetisies waaraan jy kan deelneem, so sit terug en geniet hierdie splinternuwe bydra tot die Dirkielewe!

**Die Redaksie**

**VERMAAKLIKHEID 1**
**Gedigteblad**
'n Afskeidgedig vir meneer Erik
**Bladsy 2**

**VERMAAKLIKHEID 2**
**Henriëtte... Wie?**
Sy is... wel...waar is sy?
**Bladsy 2**

**VERMAAKLIKHEID 3**
**Sudoku**
Ietsie vir die wat meer van syfers hou.
**Bladsy 2**

**VERMAAKLIKHEID 5**
**Meme kompetisie**
Is jy 'n Meme-meester...?
**Bladsy 3**

**VERMAAKLIKHEID 6**
**Woordsoek**
Toets jouself, jou rowwe ding...

**VERMAAKLIKHEID 3**
**Wie is die babas**
Kyk hoe goed ken jy jou onderwysers werklik...
**Bladsy 4**

**REDAKSIE:**
*Baie dankie vir die harde werk van elke leerling wat bygedra het daartoe dat ons hierdie koerant kon uitgee.*

**ONTWERP**
**Koerantnaam:** Milan Bakker
**Logo ontwerp:** Milan Bakker
**Fotografie:** Nanette De Jong, Aniek Moes

**ARTIKELS**
**Sosiaal:** Margo Drijfhout, Elrike Buys, Martie Boshoff, Henro van der Linde

**AKTIWITEITE:**
**Gedigteblad:** Grethe Visser
**Woordsoek:** Martie Boshoff
**Sudoku:** Martie Boshoff
**Kompetisies:** Zené Osler, Junelle Miske

# Totsiens Meneer Erik

*deur Elrike Buys*

**Die tyd om te groet het aangebreek. Na byna 9 jaar is dit tyd om totsiens te sê vir ons geliefde meneer Erik Visser.**

***Die redaksie het dit goed gedink om vir hom 'n paar vrae te vra voor hy ons finaal verlaat:***

**1. Wat het meneer gelei om die besluit te neem om na Kanada te emigreer?**

"Kanada het my genader om te praat oor die moontlikheid dat ek belangstel om daar hoof te word. Covenant Canadian Reformed School (CCRS) was reeds meer as 2 jaar sonder 'n hoof. Dit is 'n moeilike besluit omdat ek baie lief is vir Suid-Afrika, maar ek voel geroepe om die werk daar op te volg."

**2. Hoe het meneer se voorneme om na Kanada te emigreer meneer persoonlik en as gesin beïnvloed?**

"Dit is 'n besluit wat as gesin geneem moet word. Die land, die mense en GSDP vorm deel daarvan. Dit skep opgewondenheid aan die een kant, maar baie onsekerheid aan die anderkant omdat dit onbekend is."

**3. Vertel ons meer oor die skool waar meneer gaan werk.**

"CCRS is 'n skool soos Dirk Postma. Dit is gestig deur die Canadian Reformed Church vir Graad R-12. Dit is op die platteland, koud en anders as waaraan ek gewoond is, maar met dieselfde beginsels."

**4. Wat is meneer se gedagtes oor die Kanadese samelewing en kultuur?**

"As mens kyk na Kanada as geheel is daar baie uitdagings vir ons as gelowiges, maar dit beteken nie dat ons nie daar hoort nie. In die kerklike opset is hulle nog behoudend en ek glo dat mens juis dan jou lig baie helder moet laat skyn."



**Tannie Jolanda en meneer Erik Visser**

**5. Hoe verskil die onderwysstelsel in Kanada van dié in ons land?**

"Snaaks genoeg is dit baie dieselfde as hier, behalwe dat dit Engels is."

**6. Wat het meneer by ons skool geleer wat meneer graag wil saamvat na die skool in Kanada?**

"Alles! Letterlik alles! Ek het hier onervare begin en stap weg met baie herinneringe, ervaring en mense wie ek kan bel vir advies."

**7. Wat gaan meneer die meeste mis van ons skool?**

"Die kinders - soet en stout."

**8.As meneer een ding van Suid-Afrika kon saamvat, wat sou dit wees?**

"Die son."

*Dit is 'n moeilike besluit wat meneer geneem het, en Hoër- en Laerskool Dirk Postma gaan hom vreeslik baie mis! Ons wens meneer die seën van die Here toe by sy nuwe werk in Kanada.*

**Verlang en verlaat**

Met n traan op die wang
en 'n skool wat treur
word 'n hartseer lied gesang
en klere op ashoop geskeur.

Harte vol pyn
sê hy vaarwel
verlaat ons held met 'n bottel Buffelsfontein,
want sy dae by Dirk Postma is getel.

Met hoop pak hy die toekoms aan,
al gaan hy terugkyk en verlang,
is daar nuwe begin wat voor hom staan,
al is hy bang.

Met 'n bly traan op die wang
en 'n skool met hoop,
word 'n trooslied gesing,
weet ons dat die Here die pad met hom sal loop.

**Anoniem**

# Sudoku

**Vul die legkaart in sodat elke ry dwars, elke kolom af en elke 9 by 9 blokkie bevat die nommers 1 tot 9.**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | 8 | 5 | | | 7 | | | 9 |
| | | 6 | 3 | | | 1 | 8 | |
| | | | | | 4 | | | |
| | | 9 | 4 | | 1 | | | |
| | | | | | | | | 3 |
| | | | 9 | | 3 | | 7 | |
| | | 3 | 7 | 1 | 8 | | | 2 |
| | | | | | | 8 | | |
| | | | | 3 | | | | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 9 | | 2 | |
| | | | | 8 | | | 3 | 5 |
| | | 7 | | | | | | 4 |
| | 9 | | | | | 5 | 7 | 2 |
| | 5 | | | 7 | | | | |
| | 6 | | | | 2 | | | |
| 2 | | | | | | 3 | 5 | 7 |
| | | | 1 | | | | | |
| | 7 | | | | | | | |

# Wie is sy nou eintlik?



**Daar is 'n nuwe gesig tussen die Graad 10-groep. Haar naam is natuurlik die lieflike Henriëtte!**

**Henriëtte het 'n sprankelende persoonlikheid en het altyd 'n eiertjie te lê.**

**Sy sien veral uit na die see-toer wat in September gaan plaasvind. Kom ons hoop net dat sy nie op ander sal pik nie!**



# Terugblik op Kwartaal 2

**Henro van der Linde het 'n ondersoek gedoen om meer uit te vind hoe die onderwysers kwartaal 2 ervaar het. Hy doen hieronder verslag.**

Kwartaal 2 was vir almal 'n moeilike kwartaal. Daar was baie sport, kultuur en akademie wat afgehandel moes word in net 6 weke!

Ons onderwysers het baie druk ervaar die afgelope kwartaal. Om al die werk in so 'n kort tyd klaar te kry, verg baie ervaring. Met sewe van die onderwysers wat al langer as vyf jaar skoolhou - 'n groot mylpaal - het die skool gelukkig geen tekort aan ervaring nie.

Al voel die onderwysers dat die kwartaal te kort was en die werk te veel, dink die meeste dat hulle die werk betyds genoeg klaar kon kry.

Daar was baie menings oor die leerders. 'n Groot persentasie onderwysers was bekommerd oor die leerlinge.

Eerstens was daar groot kommer dat die leerders nie genoeg geleer het vir die eksamens nie, en tweedens dat die kinders baie gestres was as gevolg van die groot hoeveelhede leerwerk.

Daar was ook hartseer in kwartaal 2.

Dit was meneer Erik se laaste volledige kwartaal as skoolhoof. Daar was ook groot hartseer in van ons gesinne as gevolg van sterftes. Een van ons onderwysers se oupa is oorlede terwyl ander leerders se familielede gesterf het.

Daar was baie om na terug te kyk. Ons het 'n wonderlike opedag gehad en ons kon baie sport speel. Ons het met trots netbal op die skool se velde gespeel, en ons kon selfs by 'n paar wedstryde as gasheer optree.

Ons skaakspan het na die tweede rondte in die skaaktoernooi deurgedring. Sekere vakke het baie goeie gemiddelde in die eksamens behaal. Iets om op trots te wees!

Met die onderwysers wat steeds aan bomskok ly, stel hulle voor dat ons 'n langer kwartaal moet hê, sodat ons al die werk rustig kan aanpak teen 'n stadiger pas. Nog 'n voorstel was 'n langer vakansie, maar geen lang naweke nie.

Dalk moet ons ook Hot Chocolate in die oggende begin drink. So kan ons die koue beveg, en die snoepie bevoordeel.

Kwartaal 2 was 'n lekker, maar kort kwartaal. Ons kan net dankbaar wees dat dit goed geloop het.






# Dirkies word KLEURVOL

***Deur: Martie Boshoff***

Op 4 Mei het die Gereformeerde skool Dirk Postma sy deure wyd oopgemaak vir 'n opwindende opedag met die tema "Kleurkaskenades". Dié opedag was 'n ware feesviering van kreatiwiteit en pret, wat almal betower het.

Een van die hoogtepunte van die dag was die tekenkompetisie waar leerders prente in blokke kon teken. Hierdie blokke was gevul met allerhande interessante dinge soos drake, verkleurmannetjies, verfspatsels en vele meer. Die leerders het hul verbeelding gebruik en pragtige kunswerke geskep.

Die netbaldogters het ook hul vaardighede getoon deur 'n spesiale netbaloefening. Hiermee wou hulle die besoekers wys hoe opwindend en mededingend die netbaloefening by Dirk Postma is. Die eerste span en oud-leerders het ook 'n uitdagende wedstryd gespeel, wat die opedag 'n ekstra dimensie gegee het.

Om die gees van die dag te versterk, is daar verskeie speletjies gereël waar leerders bandjies kon kry om deel te neem aan die Kleurkaskenades. Hierdie speletjies het die opedag 'n aktiewe en vreugdevolle atmosfeer gegee. Daar was pret en plesier om elke hoek en draai.

Daar was uitstallings van die skool se kultuur-, sosiale, sport- en ander aktiwiteite . Hierdie uitstallings het 'n insig gegee in die verlede en toekoms van die skool. Voornemende leerders het die geleentheid gehad om vir 'n aand Dirkies te wees en gesien hoe dit is om deel te wees van die unieke ervaring wat die skool bied.

Die Kleurkaskenade-opedag by die Gereformeerde Skool Dirk Postma was sonder twyfel 'n reusesukses. Dit het leerders, ouers en besoekers betower met sy kreatiwiteit en vreugdevolle gees. Die skool se toewyding tot uitnemendheid en die ontwikkeling van leerders was duidelik sigbaar tydens hierdie opwindende gebeurtenis.

Die aand is afgesluit met die kleurkaskenades. 'n Kleurwolk het oor die netbalbane gehang soos wat die kinders te kere gegaan het. Dit was beslis een van die beste aande van die jaar en verseker 'n aand om te onthou.

# Wat MEME jy?

**Het jy al ooit die speletjie "What do you Meme" gespeel? Wel, hier is 'n kompetisie met ons eie weergawe daarvan!**


**Hoe dit werk:**
Spelers ding mee om die snaaksste meme te skep deur 'n **byskrif** te gee vir die foto's in **A** hieronder, of 'n **foto** te stuur vir die situasies in **B**. WhatsApp jou antwoorde vir die kompetisie na Junelle by: **082 421 3168.**

Merk jou antwoord duidelik as **A1, A2, A3, A4** en **B1, B2, B3, B4** en onthou om jou **naam** by te sit!

Die sluitingsdatum vir die kompetisie is **21 AUGUSTUS 2023.**




A.1



A.2



A.3



A.4

**B1.** **Wanneer jy per ongeluk jou juffrou "mamma" noem.**

**B2** **Ek vir my vriend(in) as die juffrou sê ons moet 'n spanmaat kies.**

**B3** **Wannneer iemand geroep word uit die wagkamer, maar jy's al langer daar as hy/ haar.**


**B4** **Wanneer jy 6 meter wegstaan, maar die skeidregter skree "obstruksie".**


# Raai wie is dié!

**'n Fotokompetisie wat wys hoe goed jy jou onnies ken!**

1


2



3


4


5


6



7


8


9


10


13


14


11


12


**Hierdie foto's is baba of kinderfoto's van ons onderwysers en onderwyseresse.**

**Kyk of jy kan agterkom wie elkeen van hulle is en hou die skool se WhatsApp-groepies dop. Ons sal 'n Google Forms-skakel met julle deel, waarop jy jou antwoorde vir die kompetisie kan plaas.**

# Woordspeletjie

**Vir die taalliefhebbers onder ons... Hier is 'n lekker woordsoekspeletjie wat jou vir 'n rukkie sal besig hou!**

**Die woorde is in alle rigtings in hierdie speletjie versteek, soek op, af, links, regs en skuins om jou woorde te vind!**

KLANKVERSKYNSELS
VOLKSETIMOLOGIE
VOKAALREDUKSIE
WOORDVORMING
KONTAMINASIE
TAALGEBRUIK
ASSIMILASIE
MOEDERTAAL
ANGLISISME
TOUTOLOGIE
KORTSTORIE
NEOLOGISME
AFRIKAANS
SKRYFWERK
GEDIGGIE
HUISTAAL
MONUMENT
TAALDAG
ENGELS
FRANS

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| U | V | A | M | C | W | J | G | E | N | G | E | L | S | V | A | N | N | L | A | S | Y | D |
| S | I | S | N | A | R | F | H | T | N | E | M | U | N | O | M | N | R | F | E | L | K | M |
| K | W | L | A | A | T | S | I | U | H | S | T | E | L | K | H | D | X | X | I | E | O | K |
| O | R | W | T | A | A | L | G | E | B | R | U | I | K | A | X | A | I | S | R | S | Z | R |
| N | P | T | O | A | O | G | K | E | S | G | D | S | S | A | S | B | D | A | O | N | Y | E |
| T | G | T | O | O | A | V | D | W | Y | B | E | A | P | L | N | M | W | C | T | Y | C | W |
| A | Q | E | B | U | R | L | Q | R | H | K | Q | L | U | R | A | W | E | L | S | K | J | F |
| M | V | I | D | M | T | D | D | N | P | M | D | I | P | E | A | X | M | A | T | S | X | Y |
| I | V | D | S | I | O | O | V | A | B | X | D | M | C | D | K | Z | S | A | R | R | P | R |
| N | Q | N | Z | R | G | A | L | O | G | S | S | I | Z | U | I | X | I | T | O | E | I | K |
| A | W | J | L | U | X | G | L | O | R | O | W | S | K | K | R | H | S | R | K | V | M | S |
| S | C | V | T | I | V | Q | I | T | G | M | T | S | U | S | F | Q | I | E | V | K | Z | F |
| I | E | C | F | Z | Z | L | W | E | R | I | I | A | Q | I | A | B | L | D | D | N | L | I |
| E | X | N | E | O | L | O | G | I | S | M | E | N | Q | E | I | P | G | E | K | A | L | W |
| A | C | H | Z | R | I | X | L | B | Y | F | V | N | G | B | D | W | N | O | R | L | I | M |
| K | V | O | L | K | S | E | T | I | M | O | L | O | G | I | E | L | A | M | T | K | D | I |

# ADVERTENSIES



**PLAAS JOU ADVERTENSIE HIER!**

Is jy 'n huissitter, 'n hondeloper of 'n babawagter?

Dalk het jy 'n eie klein besigheidjie soos om karre te was, tuine skoon te maak of om ekstra klasse aan te bied.

Miskien verkoop jy juwele, fudge of tuisgemaakte klere? Dan is hierdie advertensiespasie net reg vir jou!

Teen slegs **R10 'n advertensie**, 'n hele skool wat jou advertensie sien **EN** die geleentheid om in **Die Postman** te adverteer, is hierdie 'n winskoopgeleentheid!

**Kontak Grethe Visser vir meer inligting!**